## JEMEN vervolg

**17** Bid vir Christenouers in Jemen om die Here se wysheid te soek terwyl hulle hul kinders opvoed te midde van die onsekerheid van die oorlog. Bid dat hulle sal onthou dat God altyd hulle krag en voorsiener is.

## SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK

**18** Geweld in die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) neem weer toe, wat die land in gevaar stel om dieselfde krisis te ervaar as vier jaar van te vore. Dank die Here vir Sy teenwoordigheid in SAR en dat Hy vir ons broers en susters ongelooflike vrede sal gee.

## MALEISIË

**19** Talle Christene in oos-Maleisië het bekeer tot Islam, of vrywilliglik of deur kullery, na aanleiding van die regering se Islamitiese 'dakwah' (sending) aktiwiteite. Bid vir die opleiding wat Geopende Deure bied wat poog om Christene in hulle geloof te versterk en sulke versoekinge te weerstaan.

## SRI LANKA

**20** Dank die Here dat hy Sri Lankaanse Christene daaraan herinner dat Hy die regverdige Regter is, selfs wanneer die plaaslike polisie die aanvalle ignoreer deur Boeddhistiese bendes op Christenkerke. Bid dat ons broers en susters die Here as hulle beskerming en baie groot beloning sal ervaar.

## VIËTNAM

**21** Bid asseblief vir God se guns namate ons die verspreiding van Kinderbybels in Viëtnam uitbrei. Ons glo dat hierdie Bybels 'n instrument is om die volgende generasie te verander – bid dat die Bybels talle Viëtnamese kinders sal bereik.

## NOORD-KOREA

**22** In Noord-Korea, wanneer 'n vrou swanger word nadat sy in die tronk of 'n konsentrasiekamp verkrag is, word sy gewoonlik vermoor. Bid tot God vir bonatuurlike beskerming vir hierdie kwesbare vroue in die tronk en konsentrasiekampe.

## COLOMBIË

**23** Geopende Deure lei vervolgde jongmense in Colombië op om, in die aangesig van vervolging, doeltreffende en sterk bedienings op te bou. Hierdeur kan hulle help om genesing te bring aan die samelewing. Bid dat deur hierdie opleiding, meer jong Christene 'n godvresende invloed in hulle gemeenskappe sal wees.

## SIRIË

**24** Dank God vir die talle Siriërs wat Jesus gevind het gedurende die oorlog. Bid dat hulle in die geloof sal groei, maar ook dat hulle deur die liggaam van Christus omhels en opgelei sal word.

## AFGANISTAN

**25** Wanneer 'n Moslem in Afganistan 'n Christen word, forseer hulle Moslemfamilie hul om terug te keer tot Islam om die familie se eer te herstel. As hulle nie herbekeer nie, kan hulle onterf, verdryf, mishandel, ontvoer en selfs vermoor word. Bid vir die beskerming van Christene in Afganistan.

## CHINA

**26** Nancy is die enigste Christen in haar Moslemfamilie, wat dit moeilik maak om haar geloof ten volle uit te leef. Bid dat God vir haar dapperheid en wysheid sal gee om 'n lewende getuie in haar familie te wees.

## LAOS

**27** 'n Paar maande gelede is twee sussies (16 en 17) saam met ander Christene gevange geneem, omdat hulle aanhoudend geweier het om Christus te ontken. Toe hulle vrygelaat is, is hulle gekeer om terug te keer na hulle families toe – bid dat God hierdie familie weer sal herenig.

## TUNISIË

**28** 'n Paar jaar gelede het Fatima* se man haar geskei, nadat hy uitgevind het dat sy 'n Christen geword het. Die lewe is baie moeilik vir Fatima en haar dogter – Fatima is 'n enkelma in 'n Moslemsamelewing en hulle word steeds vervolg vir hulle geloof. Bid vir krag en vrede vir hulle twee.

## GASA

**29** Christene en ander wat in Gasa woon ly as gevolg van die komplekse politiese situasie in hierdie streek. Bid vir kerke om sterk te staan, asook vir die voorsiening van mediese ondersteuning te midde van die te kort aan medisyne, toerusting en elektrisiteit.

## ALGERIË

**30** In Algerië getuig jong Christene oor hulle geloof in Christus. Bid dat terwyl hulle teenoor ander getuig, hulle in staat sal wees om vrae te beantwoord en met wysheid sal reageer wanneer hul geloof uitgedaag word.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa


NOVEMBER 2017

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS *flits*

GEBEDSKALENDER VIR
**VERVOLGDE CHRISTENE** WÊRELDWYD



"Luister tog na my hulpgeroep, want ek is magteloos. Red my van my vervolgers, want hulle is te sterk vir my."
– Psalm 142:6 (1983)

## KAMEROEN

**1** Toe Abdias* (22) besluit het om 'n Moslemhermiet te word, was hy die trots van sy hoogsgesiene Moslemfamilie. Maar in 2016, toe hy 'n Christen geword het, het sy familie hom fisiek aangerand en onterf. Bid vir God se beskerming oor Abdias, terwyl sy familie na hom soek om hom te forseer om terug te keer tot Islam.

## DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO

**2** Bid vir voorsiening en beskerming vir Christene in die oostelike Demokratiese Republiek van die Kongo. Hulle staar aanvalle deur die Geallieerde Demokratiese Weermag ('n militante Islamitiese groep) in die gesig, en is geforseer om in verplasingskampe te gaan bly waar daar onvoldoende kos en skuiling is.

**3** Kerke in die Demokratiese Republiek van die Kongo voel dat hulle swak toegerus is om Christene in die verplasingskampe te help. Bid vir Geopende Deure, terwyl ons in vennootskap met hierdie kerke, Christene voorsien van noodleniging, traumasorg-opleiding en seminare in voorbereiding op vervolging.

## UGANDA

**4** Tot onlangs het Farouk, 'n Gelowige vanuit 'n Moslem-agtergrond, Islamitiese wet gestudeer. Gedurende hierdie tyd het hy verskeie drome oor Christus gehad en het in die Evangelie begin belangstel, soveel so dat hy in die moskee daaroor begin preek het. Bid dat hy sal aanhou om nader aan Jesus te groei.



Bid vir Geopende Deure terwyl ons, in vennootskap met die Kerk in die Demokratiese Republiek van die Kongo, werk om Christene te voorsien van noodleniging.

## HORING VAN AFRIKA

**5** Talle Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond in die Horing van Afrika benodig opleiding. Bid dat die werk wat Geopende Deure doen, om te help om die Kerk toe te rus vir dissipelskap, baie vrugte sal dra en Christene sal help om in die geloof te groei.

## KENIA

**6** In Julie is nege mans in 'n kusdorpie in Kenia deur Al-Shabaab-militante onthoof. Almal van hulle was nie-Moslems, en verskeie van die mans het aan 'n plaaslike kerk behoort. Bid asseblief vir die Here se genade en vertroosting vir al die families wat deur hierdie tragedie geraak word.

## ERITREA

**7** 'n Paar maande gelede het Fekadu Debessai Negassi, 'n Christenvrou en ma van vier, in die tronk gesterf nadat sy behandeling vir 'n siekte geweier is. Bid asseblief vir vertroosting en krag vir haar familie terwyl hulle die verlies rou.

## BHOETAN

**8** Prys die Here vir al die Bhoetanese vroue wat kon deelneem aan 'n program wat poog om die ware betekenis van 'n vrou se natuur en wese, soos deur God geskape, te openbaar. Bid dat die vroue, dit wat hulle geleer het, sal toepas in hulle daaglikse lewens.

## TADJIKISTAN

**9** Pastoor Holmatov Bahrom van Tadjikistan is aangekla van ekstremisme. En nadat verskeie valse getuies teen hom getuig het, is hy tot drie jaar tronkstraf gevonnis. Mag Pastoor Holmatov, te midde van hierdie vonnis, verseker wees van die Here se teenwoordigheid, regverdigheid en geregtigheid.

## SENTRAAL-ASIË

**10** Guliyar* is 'n Christenvrou van Sentraal-Asië wat serebraal verlam is, en boonop het sy ook net een hand. Toe haar familie uitgevind het van haar geloof, het hulle haar probeer herbekeer. Toe hulle dit nie kon regkry nie, het hulle haar geslaan en onterf. Bid dat sy sal aanhou om sterk te staan in die geloof.

## BANGLADESJ

**11** Bid asseblief vir die voortdurende werk om vervolgde Christene in Bangladesj te versterk. Bid vir die Here se leiding, wysheid en beskerming van alle vennote en opleiers van Geopende Deure, asook vir goeie gesondheid.

## INDIË

**12** Op 12 Augustus, het die Jharkhand se wetgewende vergadering 'n wet teen bekering laat slaag. Dit is die sesde staat in Indië wat dié wet implementeer. Bid asseblief dat die Here Sy Kerk in Indië sal bou, ten spyte van die anti-bekeringswet wat deur meer en meer state aanvaar word.

**13** Christenvervolging duur voort in Indië. Daar word berig dat daar in die eerste helfte van 2017 byna soveel aanvalle op Christene was, soos gedurende die hele 2016. Bid dat die Kerk behoorlike toegerus sal wees om gelowiges te versterk en te lei namate vervolging toeneem.

## SAOEDI-ARABIË

**14** Die Saoedi-regering het regulasies begin implementeer wat poog om die aantal buitelandse werkers met 50% te verminder teen die jaar 2020. As hierdie plan voortgaan, sal baie Christenmigrante, insluitende Christenleiers, huis toe gestuur word. Bid dat die owerhede hierdie plan sal herevalueer.

## MALI

**15** Baie Christene in Mali is intern ontwortel as gevolg van Islamitiese ekstremisme en verdrukking. Kerkleiers in die land is bekommerd dat Christene onder die konstante druk, sal moed opgee en Islam aanneem. Bid vir goddelike krag vir Christene om die geloof te behou ten spyte van die gevaar wat hulle in die gesig staar.

## JEMEN

**16** Jemenitiese gelowige Jaden* is een van die getroue dienaars van God, wat in Jemen bly en Sy Koninkryk dien, ten spyte van vervolging, oorlog, hongersnood en siektes. Bid saam met Jaden dat die geweld, sterftes, hongersnood en vrees in die land tot 'n einde sal kom.



Bid vir migrante Christene en Christenleiers wat moontlik gedeporteer kan word, omdat die Saoedi-Arabiese regering die getal buitelandse werkers in die land wil verminder.